# Totsiens godsdiens:

# Orals, Altyd

**Lizette Du Piesanie 31/03/2019**

**‘n Paar praktiese punte wat jou kan help om ‘n dieper verhouding met God te kweek:**

## 1. BREEK DIE BOKS.

**1.1.** Dit is maklik om God in ‘n “Sonday boks” of in ‘n “heilige boks” te plaas en dan die res van die tyd van Hom te vergeet.

**1.2.** Dit kan gebeur omdat ons dink dat ons nie pret kan hê as God by is nie, of anders, eenvoudig net oor ons Hom nie kan sien nie.

**Jeremia 23: 23-24 (Die Boodskap) “Dink julle miskien Ek is net in een plek te kry? Kan Ek nie ook raaksien wat ver van hier af gebeur nie? Dink enigiemand hulle kan vir My wegkruip en Ek sal hulle nie sien nie? Is Ek nie oral in die hemel en op die aarde nie?” vra die Here.”**

**1.3.** God is dalk onsigbaar, maar Hy is steeds oral.

**1.4.** God is nie ‘n onderwyser of skoolhoof wat ons van ‘n afstand instruksies gee nie. Hy is ons Pa en Hy is altyd by ons, want ons is familie.

**Psalm 32: 8-9 (Die Boodskap) “Hy het gesê: Ek is soos ’n onderwyser vir jou. Ek vat jou aan die hand om jou op die regte pad te lei. Ek sal jou elke keer die regte raad gee. Ek sal jou oppas. Moenie so dom soos ’n perd of ’n donkie wees nie. Hulle het maar min verstand.”**

## 2. VOEL SY LIEFDE.

**2.1.** Elke mens word gebore met 'n onvoltooide liefde wat net God vir ons kan gee.

**Romans 5:6-8 (Die Boodskap) “Christus het op presies die regte tydstip vir ons gesterf. Hy het sy lewe vir ons opgeoffer toe ons nog in die sonde rondgelê het. Dit is totaal ondenkbaar dat Christus bereid was om so iets vir ons te doen. 7Nie een van ons sal ooit ons lewe vir iemand anders prysgee nie. Ja, miskien nog vir ’n baie goeie vriend of vir die een of ander goeie mens. 8Maar God is heeltemal anders as ons. Hy wys juis hoe lief Hy ons het deurdat Jesus in ons plek doodgegaan het toe ons almal nog ’n spul sondaars was.”**

**2.2.** God is elke oomblik van elke dag lief vir ons.

**3. GOD PAS ORAL IN.**

**3.1.** God is in elkgeval orals, ons kan net sowel Sy teenwoordigheid erken en Hom toe laat om ons in als te lei wat ons doen.

**3.2.** God is gepas om orals saam met ons te gaan.

**4. 'N PAAR PRAKTIESE IDEES.**

**4.1.** God is onsigbaar, dit maak dit maklik vir van ons om van Hom te vergeet. Kry iets om jou aan Hom te herhinner. Hou 'n klippie in jou sak of dra 'n kruisie om jou nek. Maak 'n merkie op jou hand of sit dit op jou foon.

**4.2.** Vat iets wat jy van hou en maak herhinneringe saam met Hom. Ry fiets, luister musiek, of drink selfs net koffie saam met Hom.

**4.3.** Vra Hom vrae oor enige iets en alles.

## Gesprek Gids

## Orals, Altyd

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Sit jy God in 'n "Sondag boksie" of erken jy altyd Sy teenwoordigheid? As jy Hom soms in 'n boksie sit, hoe dink jy kan jy die boks breek?
2. Voel dit altyd of God vir jou lief is of is daar tye wat jy nie geliefd voel nie?
3. Wil jy meer bewus wees van God se teenwoordigheid in jou lewe? As die antwoord ja is, wat gaan jy van nou af anders doen om jou te help om meer bewus te wees daarvan?